

6 Desember

Psalm 121; (Teks: Fil. 4:2-9 (7))

God gee beskerming en vrede

God se seën oor sy volk is: "*Die Here sal julle seën en julle beskerm*" (Num. 6:24). God het 'n verbondsverhouding met sy volk (Eks 19:5-6). Een van God se verbondsbeloftes is dat Hy sy volk sal beskerm.

Ses keer word dit in Psalm 121 bevestig. Die gelowige kan hom nie self beskerm en bewaar vir onheile en gevare nie. "*As die Here die stad nie beskerm nie, waak die wat beskerm tevergeefs*" (Ps. 127:1).

Wie na Jerusalem gaan om God se seën te ontvang, na die soenoffer gebring is, staan onder die beskerming en bewaring van die almagtige God. Petrus skryf dat daar 'n dubbele bewaringsdiens is. Die *erfgename* word onderweg na die erfenis bewaar en die *erfenis* word vir hulle in die hemel "in bewaring gehou" (1 Pet 1:4).

"Die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus " (Fil. 4:7). Vrede is God se heilsdaad in Christus. Ons verstand kan nie die lewe en die toekoms so beheers dat dit ons angste en vrede kan besweer nie. Daarvoor is die wonder van vrede wat God gee nodig. Vrede beteken dat die mens in 'n herstelde, 'n versoenende verhouding met God lewe. Wie met God verbind is deur die soenbloed aan die kruis, het vrede met God. Hierdie vrede is die wag wat waak oor die uitverkore kind. Die vrede wat gekom het deur die bloed van Christus is daagliks van praktiese waarde, want daagliks word jy daardeur beskerm en bewaak.

Sing: Psalm 36:2

Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)